08

JAARGANG 23 | 6 JUNIE 2025

# VRY POS

KONINKRYKSTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk
Vrystaat



# Celicia McLean

## REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**


***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*




## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Jan Lubbe
Andries Gous | Enrico Casaleggio
Ethan Kleynhans | Martin Schwella
Jan-Albert van den Berg | Leon M Foot
Dawie Botes *Kerkbode* | *Bybel-Media* | *CLF*
*TOIBO* | *Engo* | *Bybelgenootskap SA*
*VrydagNuus, Kaapkerk* | *VBO-Prospektus*


## PINKSTER

Ons lees in Handelinge 2 dat daar ná die uitstorting van die Heilige Gees 'n vreemde gemeenskap tot stand kom waar gelowiges verantwoordelikheid vir mekaar neem. Hulle het gereeld bymekaargekom, hul besittings met mekaar gedeel, mekaar onderling versorg, die nagmaal is gereeld gevier en hulle het hul toegewy aan gebed en het God deurentyd geprys. Die jaarlikse viering van Pinkster herinner die kerk dat ons in die kragveld van die Gees leef en daarom vir mekaar sorg en vanuit hierdie liefde saam in diens staan van God se nuwe wêreld.

*Oorgeneem uit Strand-Noord NG Gemeente, Gys van Schoor*

## DAGBOEK DÍT

### PREDIKANTE STILWORDKANS

"'n Fluistering in die windstilte"
*1 Konings 19*
**10 - 12 Junie | Amanzi Bloemfontein**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 20 Junie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *160 Geseënde jare van Kerk-wees: Eertydse sinode-voorsitter, prof Pieter Potgieter vertel ...*

## ARTIKELS 06

**06** | VISIONERING
**Jan Lubbe** | *"Go out, go forth, and take good care* of us all*"*

**07** | VENNOTE IN GETUIENIS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**09** | VENNOTE IN GETUIENIS
**Enrico Casaleggio** | *Islam se dilemma*

**12** | ALGEMEEN | TEOLOGIESE OPLEIDING
**Ethan Kleynhans** | *Tussen eksamen en Eksodus*: *God se getrouheid in die spanningsveld van studentwees*

**11** | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Vadersdag*

**13** | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *JEUGDAG - 'n Oproep tot herstel en hoop vir ons gemeenskappe*

**14** | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Ons Sinodale Kantoor onthou*

## BLÊR-REEKS 2 15

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | 7. *Die Goue reël*

## MEDIATEEK 17

**BOEK EN INVENTARIS**
**Leon M Foot** | *Daniël J Louw: Daar is méér*

## DIS 'N RING-DING 19

**Mariëtte Odendaal** | *Ring van Bloemheuwel: "Better together"*

## UIT DIE FAKULTEIT 20

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Jan-Albert van den Berg** | *'n Klein pastorale simfonie ...*

## VERJAARSDAE 21

## EKOLOGIE 22

**Wêrelddag vir Bekamping van Verwoestyning en Droogte** | *'n Oproep tot rentmeesterskap - 17 Junie*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 23

**23** | CLF se nuwe herontwerpte aanlynwinkel
**24** | Advertensies

## OPLEIDING 27

## KERKBODE BROKKIES 29
## PUBLIKASIES 30

## WAT'S NUUS? 31
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 32

**Dawie Botes** | *Die kuns om tyd te maak en saam met Jesus te stap*

## KONTAK ONS 33




# 160 Geseënde jare van Kerk-wees

*Eertydse sinode-voorsitter, prof Pieter Potgieter vertel ...*



**VISIONERING**
*Mariëtte Odendaal*

Hierdie jaar vier ons die 160ste bestaansjaar van die Vrystaat Sinode; 'n besondere voorreg omdat dit vir ons as Christene al vir meer as 'n eeu en 'n half deur oorloë, droogtes en vele ander lewenskrisisse en sosiale kwessies help dra het.

Om werklik kerk te wees en leiding oor geslagte heen aan duisende kerkleiers en gemeentelede te help gee, was dit nodig om ervare mense met diep insig en wysheid aan die stuur van ons sinode te hê.

Ons het in 'n reeks van ses bydraes met vyf van ons vorige sinode-voorsitters wat nog leef, asook met ons huidige voorsitter, ds Jan Lubbe, gaan gesels om te hoor oor hoe hulle hierdie uitdagende taak in hul onderskeie termyne beleef het, of beleef.

Ons eerste gesprek was met prof Pieter Potgieter, sinode-voorsitter in 1987 en 1995, asook van die Algemene Sinode in 1994.

**Pieter, wat beskou jy as die hoogtepunt en grootste uitdaging in jou tyd as voorsitter van die sinode en moderamen?**

"Daar was 'n hele paar. Die 1987-Sinodesitting het veral gegaan oor oop lidmaatskap. Dit was na aanleiding van 'n besluit van die Algemene Sinode die vorige jaar dat lidmaatskap van die NG Kerk oop is. Dit het 'n hewige diskussie in die Vrystaat Sinode veroorsaak. Op die ou end is daar besluit om 'n gekwalifiseerde formulering daarvan te aanvaar; dat lidmaatskap oop sou wees vir gelowiges wat bereid is om die belydenis van die NG Kerk te aanvaar.

"Tydens die 1995-sinode het dit weer oor kerk-eenheid gegaan wat ook tot driftige besprekings gelei het. Daar is ook gevra of die NG Kerk in Afrika daarby betrokke kon wees."

Lees meer »

NG Kerk Vrystaat

# 160 JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS



## GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

## “My **Gees** in julle, en in julle, **lewe**; en in julle land, **rus**.”

NG Kerk Vrystaat



# VROUERETREAT

## 08 - 10 AUGUSTUS 2025

# WEES stil & weet

*Psalms 46:11*

**Menuha**
*08 - 10 Augustus 2025*

**Aanbieder**
*Magdaleen du Toit*

**Besprekings**
*Marietjie van der Merwe*
**076 113 9601**
**vrouelidmate@gmail.com**

vb

VROUEBEDIENING

NG Kerk Vrystaat


VISIONERING

# "Go out, go forth, and take good care of us all"

**VISIONING**
*Rev Jan Lubbe*

Reflections at the Graduation Ceremony of the University of the Free State, **Faculty of Health Sciences and Theology** on Friday, 11 April 2025, Bloemfontein





*Photos (provided): Rev Jan Lubbe during his lecture on the evening of April 11, 2025 at the graduation ceremony of the UFS*

Why these two faculties together?

Should Theology not rather be together with –

- **Faculty of the Humanities?** The study of literature, philosophy, psychology, music ...
- **Faculty of Education?** The study of teaching, training, to pass knowledge on to children and young people ...
- **Faculty of Natural and Agricultural Sciences?** The study of soil and water and air, of creation ...

In the winter of 1899 – 126 years ago – two missionaries from the Free State arrived in the north of Zambia, first at Magweru, and later settled at Madzimoyo.

Fifty years later – in 1949 – the Reformed Church in Zambia, which grew out of the work of these missionaries and today has more than 2 million members, erected a monument at Madzimoyo.

Still today, in Zambia, there exists a close connection among these four sectors in society, a society that strives for the wholeness of people.

And here we are tonight, at a university that previously awarded an honorary doctorate to one of the most remarkable women ever sent by the Dutch Reformed Church in the Free State – Ella Botes – who is still remembered at Magweru for the school for blind and deaf children that she established there. She received her honorary doctorate here at the University of the Free State for her lifelong work. She is also buried in Magweru.

Here we are tonight, with three doctoral students from Zambia who are receiving their PhD's in theology and ministry.

**Read** more »

# DEGNOS-dinge

**VENNOTE IN GETUIENIS**
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

## TOPIA-nuus

Tydens hierdie drie maande besoek in Namibië ondersteun ons die DEGNOS-bediening en gaan ons drie gemeentes bedien.

- Eerstens, vir ses weke, die gemeente in Tsumkwe. Die gemeente is verspreid wonend oor 1 miljoen hektaar met 45 nedersettings. Ons het verlede jaar by twee geleenthede hier opleiding gedoen. Die eerste keer saam as gesin en die tweede keer Johannes alleen.

- Die mense van die gemeente is Boesmans en verstaan óf Afrikaans óf hul eie taal, Ju/hoansi. Party van die mense kan die Afrikaanse Bybel lees, maar meeste kan nie lees nie. Daar is ook nie 'n Bybel in hulle eie taal nie. Die vertalings-proses na 'n klank-weergawe van die Bybel in hulle taal, met sy baie klik-klak geluide, het nog baie werk.

## UP-studente

Tydens die week wat verby is het prof Hannes Knoetse, drs Wicus van der Merwe en Buthle Mpafi by ons besoek afgelê met tien 6de Jaar en twee 5de Jaar Tokkelokke.

Ons het wyd en syd besoek afgelê by gelowiges in hierdie bediening van die Here. Daar was nie net gewerk nie, saans is daar tot laat om die kampvuur gesels en besoek afgelê by die ou landingstrook op Mangetti Duin om die pragtige sterrehemel te bekyk. Ons sê baie dankie vir Alex se hulp.




***Foto**: UP-studente en -lektore saam met Alex en Christiaan - reg om die lang pad terug aan te durf van Grootfontein na Windhoek lughawe in die DEGNOS-bussie en die Olifant (bakkie) (verskaf)*



***Foto**: Augustino (links met die kruk) saam met Jao en 'n kuiergas op Danger. Lewende getuienis van 'n Almagtige God en Here wat ons dien (verskaf)*

**Lees** meer »

Geopende Deure NG Kerk Vrystaat Pellissier Gemeente

# DAGBOEK DIE DATUM



## Sendingkonferensie

20 September 2025

## Vennote in Getuienis

in samewerking met Pellissier-gemeente en Geopende deure beplan 'n Sendingkonferensie op 20 September 2025.

## DIE **EINDES VAN DIE WÊRELD** OP MY VOORSTOEP

Ons beoog om die volgende **temas** aan te spreek tydens die konferensie:

1. **Van oral na oral, deur almal na almal**
2. **God in die wêreld van werk**
3. **Diens en/of getuienis-paneelbespreking**

**Daar gaan ook wegbreek-sessies wees oor die volgende temas:**

- Islam
- Kinderevangelisasie
- Praktiese evangelisasie

**NAVRAE**

Rikus Hattingh
**084 620 6000**

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Islam Getuienisaksie
*Dr Enrico Casaleggio*

# Islam se dilemma

In die vorige artikel het ons gesien dat die Koran die inspirasie, gesag en bewaring van die Evangelies ondersteun. Die Koran was volgens sommige Moslem-geleerdes bedoel om as 'n Arabiese weergawe te dien van die boodskap van waarheid wat in die Joodse en Christelike geskrifte gevind word. Dit veroorsaak egter 'n groot probleem vir Moslems, omdat die Koran die Bybel weerspreek ten opsigte van belangrike leerstellings. Die belangrikste is dat die Koran leer dat Jesus nie God is wat mens geword het nie, dat Hy nie aan 'n kruis gesterf het nie, en dat hy nie uit die dood opgewek is nie (Koran, Sura 4:157; 5:116).

Hier is die dilemma vir Moslems:

1. As die Evangelies nie betroubaar is nie, *dan is die Koran vals*, omdat die Koran self leer dat die Evangelies die geïnspireerde, perfek bewaarde, gesaghebbende woorde van God is.

2. As die Evangelies egter betroubaar is, *dan is die Koran (weereens) vals* omdat dit teenstrydige, en selfs wedersyds uitsluitende feite oor sleutelkwessies leer. Hoe dit ook al sy, die Koran is vals[1].

Dit is natuurlik 'n groot probleem vir Moslems. Die geldigheid van Islam berus op die betroubaarheid van die Koran, net soos die Christendom berus op die waarheid dat Jesus God is en dat Hy gesterf en opgestaan het. As die Koran onbetroubaar is, soos uitgewys deur die Islamitiese dilemma, dan is Islam 'n valse godsdiens.

Die Koran bevat verskeie verse wat aandui dat die Christelike en Joodse geskrifte verkeerd verstaan, geïnterpreteer en misbruik is rondom die tyd van Mohammed. Dit is natuurlik nie 'n verrassende aanspraak nie, aangesien die Christelike geskrifte vandag steeds verdraai en misbruik word. Dit beteken egter nie dat die Skrifte wat ons vandag het, nie meer betroubaar is nie.

Die mees algemeen aangehaalde Koran-vers wat gebruik word om die korrupsie van die Evangelies te beweer, is Sura 2:79, wat sê: "*Wee hulle wat die 'Skrif' met hul eie hande skryf, en dan sê: 'Dit is van Allah', om dit vir 'n klein prys te verruil. Wee hulle vir wat hulle hande geskryf het en wee hulle vir wat hulle verdien.*"

**Lees** meer »

[1] *Laura Powel, The Islamic Dilemma: A game-changer for conversations with Muslims, soos gevind op https://gcdiscipleship.com/article-feed/the-islamic-dilemma-a-game-changer-for-conversations-with-muslims*

---

Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hier is nog 'n artikel in die reeks oor apologetiese gesprekke met Islam. Hierdie artikel gaan in kort oor hoe Moslems se siening oor die Bybel uiteindelik die Koran diskrediteer. Om die argument tot die einde toe logies te voer, vat egter spasie. Ek sal die volgende artikel by hierdie een laat aansluit om die dilemma wat die Moslems oor die verhouding Bybel:Koran het uit te stippel.

# Tussen eksamen en Eksodus

## God se getrouheid in die spanningsveld van studentwees

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

Ons kampusse leef stil. Jy hoor nie meer die gelag uit koshuiskombuise of die klanke van eerstejaars op 'n sportveld nie. Dis eksamentyd. En oral is daar studente wat hard probeer om hul kennis, hul tyd en hul energie te balanseer. Dis 'n seisoen van druk, verwagting en, vir sommiges, ook vrees.

Maar juis in hierdie stil seisoen ontstaan 'n dieper vraag – een wat nie op 'n vraestel verskyn nie: *Waar is God nou?* Want soms voel Hy ver. En soms voel geloof, gebed en gemeente soos iets wat wag tot ná die eksamen.

### Wanneer geloof voel soos nog 'n verantwoordelikheid

Baie jong gelowiges begin hulle studentejare met opregte voornemens: om betrokke te wees, om geestelik te groei, om getrou te bly aan die Here. Maar met elke semester groei ook die eise – akademies, emosioneel, en sosiaal. Die Bybel bly toe. Die gebed word korter. Eredienste voel minder relevant.

'n Medestudent het onlangs eerlik erken:

*"Ek weet ek moet op die Here vertrou, maar soms voel dit of ek Hom net in my kop glo, nie in my hart nie. Dis asof Hy nie deel is van my daaglikse werklikheid nie."*

Hierdie gevoel is nie vreemd nie. En dis nie noodwendig ongeloof nie. Dis 'n weerspieëling van hoe moeilik dit soms is om te onthou dat God teenwoordig is in die gewone – in opstaan, klas toe gaan, studeer, wag, stres.

### Die Here is God – ook in hierdie tyd

Die Skrif leer ons egter iets anders as wat ons gevoel soms sê: God is nie net teenwoordig in ons geestelike hoogtepunte nie, maar ook in ons woestyntye – in ons eksamens, ons onsekerheid, ons wag. Hy is nie 'n afwesige toeskouer nie.

Psalm 139 herinner ons dat daar geen plek is waarheen ons kan gaan en weg van Sy Gees af wees nie – nie in 'n eksamenlokaal nie, nie in 'n eensame koshuisgang nie, nie in die moegheid van laatnagstudie nie.

Hierdie is nie net 'n troos nie – dit is 'n belofte: *God is getrou*. Selfs wanneer ons swak is, bly Hy sterk. Selfs wanneer ons nie weet wat om te bid nie, tree die Gees vir ons in (Rom. 8:26). En selfs wanneer ons voel of ons faal – hou Hy ons vas.

**Lees** meer »

# Vadersdag

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

Op hierdie dag dank ons die Here vir pa's én alle rolmodelle wat hierdie onontbeerlike plek in huishoudings ingeneem het. Wees verseker: jou lewensmaat en kinders soek nie goud en silwer nie – hulle soek pret, respek vir hul ma, onvoorwaardelike liefde en die sekuriteit van 'n pa by wie hulle veilig en geliefd voel.



Op Sondag 15 Junie vier ons Vadersdag – 'n dag wat van baie groter belang is as wat ons ooit sal besef. In 'n land waar 24% kinders sonder die teenwoordigheid van 'n man grootword en net 35,6% se pa's in dieselfde huishouding woon*, is Vadersdag 'n teer saak.



Baie kinders ken ook nie hul pa's nie en word dikwels groot sonder 'n man as rolmodel. Van groot waarde is egter die ooms of oupas wat dan dikwels instaan as pa-figure van byvoorbeeld die kinders van 'n weduwee of enkelma..

Alhoewel die rolle van mans en vroue oor die eeue heen beduidend verander het, bly die rol van 'n pa-, oom- of oupafiguur in 'n kind se lewe van groot belang.

As een van die gelukkiges wat met 'n pa in die huis grootgeword het, het sy teenwoordigheid aan my baie emosionele stabiliteit gegee. Pa was ook ons geestelike versorger. Hy was die een wat meestal vir ons saans godsdiens gehou het en ons lief gemaak het vir die Here.

**Lees** meer »



Hy moet geëer word.

*Eksodus 20:12*



Hy moet deernis betoon.

*Psalm 103:13*



Hy moet nie sy kinders tot woede uitlok nie.

*Efesiërs 6:4*

# WAT SÊ DIE BYBEL OOR *Vaders*



Sy kinders is ’n seën.

*Psalm 127:3-5*



Hy moet sy kinders in liefde tugtig.

*Hebreërs 12:7*



Sy ontsag vir die Here is ’n toevlug vir sy kinders.

*Spreuke 14:26*



Hy moet sy kinders opvoed volgens die weg waarop hulle moet gaan.

*Spreuke 22:6*



Hy moet sterk en vol moed wees.

*Joshua 1:9*

@DEVOTED MOTHERHOOD

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*



***Foto**: Canva*

# JEUGDAG - 'n Oproep tot herstel en hoop vir ons gemeenskappe

***Op Jeugdag kan ons weer opnuut fokus op die wyse waarop ons die jeug kan toerus, begelei en bemagtig om positiewe verskilmakers te wees.***

Elke jaar, op 16 Junie vier Suid-Afrikaners Jeugdag – 'n dag wat diep gewortel is in die geskiedenis van ons land se stryd vir geregtigheid en gelykheid. Vir ons as Christene bied hierdie dag nie net 'n geleentheid om ons jeug te vier nie, maar ook om ons roeping as vredemakers, diensbare burgers en draers van die lig van Christus te hernu.

## Die geskiedenis van Jeugdag

Jeugdag herdenk die tragiese gebeure van 16 Junie 1976, toe duisende swart skoolkinders in Soweto vreedsaam betoog het teen die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in skole – 'n beleid van die apartheidsregering. (Ons kan ons net indink hoe moeilik dit moet wees as ons onderrigtaal in skole nou skielik byvoorbeeld alles net in Sotho moet wees.) Die polisie het op die kinders losgebrand; honderde is beseer of dood, waaronder die 13-jarige Hector Pieterson, wat die gesig van die opstand geword het.

**Lees** meer »



NG Kerk Vrystaat

ALGEMEEN
Mariëtte Odendaal

# Ons *Sinodale Kantoor* onthou

## *Adriaan de Ruiter vertel ...*

*Die eerste vier artikels in 'n reeks van vyf oor die afgelope meer as dertig jaar se vyf saakgelastigdes, later bekend as Direkteur: Administrasie en Finansies en tans bekend as Hoof-uitvoerende beampte: Ondersteuning, het in die vorige vier uitgawes van Vrypos verskyn. Ons het toe gesels oor die Sinodale Kerkkantoordae van Piet Coetzer, Hennie van der Walt, André Esterhuizen en Hennie de Lange. In hierdie laaste bydrae van die reeks gesels ons met Hennie se opvolger en huidige Hoof-uitvoerende beampte: Ondersteuning, Adriaan de Ruiter.*

**Adriaan, vertel ons eers meer van jouself voordat ons oor jou werkservaring by die Sinodale Kerkkantoor gesels.**

"Graag. Ek is in 1974 in Middelburg (Kaap) gebore. Daarna het ons vir 'n tyd in Pretoria en Lichtenburg gebly, maar ek was vir die grootste deel van my laerskooljare in Colesberg. Daarna was ek vir vier jaar op skool by Hoërskool Sentraal in Bloemfontein en het in 1992 in Nelspruit gematrikuleer.

"Na skool het ek by die Ontvanger van Inkomste begin werk en was vir twee jaar daar, waarna ek met my klerkskap as leerlingrekenmeester begin het. Ek het deeltyds by UNISA B.Compt gestudeer en na twee jaar by Deloitte & Touche begin werk, waarvandaan ek oorgeplaas is na Bloemfontein. Ek het my klerkskap by PricewaterhouseCoopers (PwC) voltooi en vir nog sowat twee jaar daar aangebly. "Daarna het ek vir twee jaar vir 'n konstruksiemaatskappy gewerk, en toe vir vyf jaar in Wepener by 'n uitvoermaatskappy wat hoofsaaklik produkte na Lesotho uitgevoer het.

"In Mei 2007 het ek hier by die Sinodale Kerkkantoor as 'n junior rekenmeester begin werk en in 2016 is ek aangestel in my huidige pos as Hoof-uitvoerende beampte: Ondersteuning.

Lees meer »

BLÊR

# Die Verlore Skapie

deur Martin Schwella

## Die Goue reël

## Doen aan ander soos wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.

“Molly sit daar voor, haar ogies effens dof, haar lyfie bietjie krom.

Sy lyk hartseer. Leon en Tjoppie wat haar van ’n afstand dopgehou het, hardloop vinnig na haar toe.

“My Ouma is in die hospitaal opgeneem,” sê sy saggies.

Leon en Tjoppie se oortjies spits dadelik van skok. Dit is tannie Êna, haar geliefde ouma en iemand wat hulle almal ken en liefhet. Tjoppie gaan sit langs Molly, en Leon plaas sy poot op haar skouer.

“Wat nou?” vra Leon versigtig. Molly bly net stil en staar voor haar uit.

Leon krap sy kop. Hy wil help, maar weet nie hoe nie. Hy dink diep, sy koppie kantel skuins, toe roep hy skielik uit:
“Ek weet! Die Goue Reël!”

Tjoppie en Molly kyk onmiddellik na hom.
“Jou ouma, tannie Êna, laat ons altyd goed voel. Sy help ons om te sing, te bid en ons geloof te versterk. Al wat ons nou kan doen, is om vir haar dieselfde te doen!” sê Leon met opgewondenheid.

Molly glimlag weer, en haar ogies blink sommer weer.
“Dit is ’n blink plan, Leon!” sê sy.

“Nou moet ons net besluit hoe om dit te doen,” sê Leon energiek.

“Definitief sing … en bid!” voeg Tjoppie by.

“Ek sal vir haar koekies bak, soos wat sy vir my geleer het,” sê Molly, haar moed groei.

“En ek sal vir haar mooi rooi blomme pluk uit die kerk se tuin. Rooi is tog haar gunstelingkleur!” sê Leon.

Met hulle planne in plek, spat die drie vriende uitmekaar. Tjoppie begin nadink oor tannie Êna se gunstelinglied en hy skryf ’n gebed vir haar neer. Molly bak en brou met groot toewyding in die kombuis. Leon soek deur die kerk se tuin na die mooiste rooi blomme.

Later ontmoet hulle weer by die kerk en stap saam na die hospitaal. Op pad bedink hulle elkeen hoe om tannie Êna se dag ligter te maak. Toe hulle uiteindelik by haar kamer instap, stop hulle net binne die deur. Voor hulle lê tannie Êna in ’n groot wit bed, haar oë toe. Maar toe sy die voetstappe hoor, begin haar ooglede beweeg.

Haar oë maak stadig oop, en toe sy vir Leon, Tjoppie en Molly by haar bed sien staan, glimlag sy – al is sy moeg.



**Luister hier**:

*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

Die Verlore Skapie

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat | SCHINK | JONK | CLF Publishers Uitgewers


**R150 per boek**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA






## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# DAAR IS MÉÉR

Geskryf deur **Daniël J Louw**

'n Geslag NG leraars ken prof Danie Louw as dié dosent in pastoraat by die kweekskool in Stellenbosch. Van 1978 tot 2005 is dosyne van ons deur sy hande. Baie ander is gevorm deur die boeke wat met reëlmaat uit sy pen verskyn het – sommige populêr, ander diepdenkend teologies.

**Oor sy nuutste boek skryf hy self**


*Leonard Cohen sing: Daar is 'n kraak in alles, maar dit is hoe die lig deurbreek en inskyn. Watter lig skyn in as ons byvoorbeeld God tussen die skeure van paradokse, twyfel, verwonding, eensaamheid en sterflikheid ontdek as "swak" en "weerloos"? Daarom dat Ludwig Feuerbach my met sy passievolle stelling, '"n God sonder 'n hart is 'n afgod", uitdaag om anders oor God te begin dink, Dan word, volgens Feuerbach, die taak van die teologie om vriende van God, vriende van mense te maak. In plaas van die tradisionele siening dat God 'n "slim brein" soos 'n slimfoon besit wat werk soos Wikipedia en alles weet, wil ek die leser graag bekendstel aan die "bedermde Vader" soos in die gelykenis van die Verlore Seun; aan 'n praktiese en pastorale teologie van die ingewande – die God met die peristalse van binnegoed. Die vertrekpunt vir verwondering oor die sin van die lewe is nie antwoorde op moreel-etiese kwessies nie, maar die bewuswording van menslike broosheid, feilbaarheid en sterflikheid.*

Net dit maak 'n mens al lus om te lees. As hy dan sy ouverture begin met "Ek skryf 'n kripto-teks in die genre van 'n spirituele meme: Die "sprokie" van MÉÉR", dan moet jy net tyd maak vir hierdie 700 bladsye outobiografiese reisverhaal.

**Wat ander sê**

*Hierdie merkwaardige en briljante boek open insigte wat nog nie deeglik ontgin is nie. Nuwe en opwindende perspektiewe word ontsluit.* ***Cas Vos***

*Dié werk maak ongetwyfeld 'n akademiese bydrae, waarskynlik in die eerste plek tot die pastoraat ("Care for the vulnerable"), maar ook tot die dogmatiese denke aangaande God en die sin van die lewe.* ***Alfred Brunsdon***




## BESKIKBAAR IN MEDIATEEK

### MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

# "BETTER TOGETHER"

## RING VAN BLOEMHEUWEL

Deur ***Mariëtte Odendaal***




R*inge in samewerking met **Sinodale Bedieninge***

*"Die projek help dat gemeentes wat te min kinders het en finansieel nie daartoe in staat is om 'n belydeniskamp aan te bied nie, dit wel kan doen as dit saam met ander gemeentes in Bloemfontein, asook ander gemeentes in die Vrystaat, gedoen kan word. Dis dan ook baie meer bekostigbaar en baie meer kinders kan dit bywoon."*

***Ds Christo Louw***
*Voorsitter: Ring van Bloemheuwel*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2023/24-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elk van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die voorwaarde was dat die projekte in samewerking met 'n sinodale bediening onderneem moes word.

In die geval van die Ring van Bloemheuwel het hulle by die sinodale bediening vir Diens van Barmhartigheid ingeskakel.

Ons het meer gaan uitvind by hul ringsvoorsitter, ds Christo Louw, oor hoe hul ring hierdie fonds aangewend het.

**Christo, julle ring het as projek 'n 'Better Together'-kamp aangebied.**

**Vertel meer.**

"Die 'Better Together'-inisiatief is as konsep uit die Ring van Bloemheuwel gebore met die doel om as ringsgemeentes meer doeltreffend saam te werk, soos byvoorbeeld by die aanbied van kampe. Dit het sedertdien mooi gegroei en word nou ook deur ander gemeentes, selfs buite Bloemfontein, ondersteun.

**Lees** meer »

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# 'n Klein pastorale simfonie ...

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Prof Jan-Albert van den Berg**
*Departement Praktiese en Missionale Teologie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State Universiteit van die Vrystaat Yunivesithi ya Freistata UFS Theology and Religion




## My kantoordeur word toegetrek ...

### 'n Klein pastorale simfonie ...

Op 30 Junie vanjaar trek ek my kantoordeur ná 22 jaar se diens aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, agter my toe. Die drie skilderye van die bekende Suid-Afrikaanse priester-skilder Frans Claerhout, wat op bruikleen van die Universiteit van die Vrystaat se Kunsgalery in my kantoor hang, verbeeld 'n terugskou op die tyd wat verby is.

Die drietal werke van Claerhout maak deel uit van sy "Pastorale simfonie"-versameling, en alhoewel daar nie veel oor die werke bekend is nie, het elkeen van hulle wel 'n amptelike titel, naamlik onderskeidelik "Die Herder", "Die Storieverteller" en "Sondagmiddagrit (Mercedes-Benz)". Ek het gedink om my interpretasie van die drie werke (wat nou in my hart hang!), kortliks in woorde te skets.

Die kleure wat ek vir my woordsketse gebruik, word vermeng vanuit my persoonlike en professionele palet:



## Die Herder

### Eerste werk: Die Pastorale Simfonie – Die Herder

Opmerklik in dié werk is die herder se groot, swaar skoene, as teken, verbeel ek my, van die pad wat hy self eers moes óópstap alvorens die kudde daarlangs gelei kon word. Dit is ook opmerklik 'n herder in werksklere, tekenend van die lei van die kudde oor die kloof van Sondag na Maandag; na elke dag van die week. Só sing én vra die bekende Afrikaanse sanger Frieda van den Heever, self ook 'n herder, in haar lied "Mal oor jou" (Album *Spoorsny*, 2024), vir die herkenning van "mense met vlerke, engele met bene, priesters sonder kerke en kerke sonder stene".

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## JUNIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ds Adrie Potgieter<br>SENEKAL-NOORD | 09 | 16 | Ds Johannes Rossouw<br>MARQUARD |
| Ds Joe Müller<br>KROONSTAD MOEDER | 10 | 17 | Dr Suzanne van der Merwe<br>KROONSTAD-NOORD |
| Mnr Eric Heig<br>BAREND WESSELS | 10 | 18 | Ds Hansie Swart<br>FAUNA |
| Ds Willie Badenhorst<br>WATERBRON | 13 | 19 | Ds Melissa Jacobs<br>ARLINGTON & LINDLEY |
| Ds Shaun Robert Darker<br>WELKOM-SUID | 13 | 19 | Ds De la Harpe le Roux<br>SINODALE KANTOOR & TORINGS VAN HOOP |



# Wêrelddag

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## BEKAMPING VAN VERWOESTYNING EN DROOGTE
*– 'n Oproep tot rentmeesterskap*

**As Vrystaters en Suid-Afrikaners ken ons droogtes en woestyne maar alte goed, veral gebiede wat as gevolg van droogtes stelselmatig woestynagtig word. Met die viering van hierdie dag word ons as Christene geroep om goeie rentmeesters van God se skepping te wees (Genesis 2:15). Hierdie dag bied aan ons 'n gulde geleentheid om ons geloof prakties uit te leef deur, waar moontlik, hierdie bewusmaking verder te versprei.**

Op Dinsdag 17 Junie word die Wêrelddag ter Bekamping van Verwoestyning en Droogte gevier. Hierdie dag is 'n inisiatief van die Verenigde Nasies (VN) wat daarop fokus om ons bewus te maak van die vernietigende impak van verwoestyning en droogte, veral in kwesbare gebiede.

### Wanneer en waarom het hierdie dag ontstaan?

Dit is in 1994 deur die VN uitgeroep as deel van die Konvensie ter Bekamping van Verwoestyning (**UNCCD**).

**Lees** meer »










**NG GEMEENTE BETHLEHEM-NOORD NUUS:**

**Ds Erich Cornelissen durf vanjaar op 8 Junie 2025 vir 'n derde keer die Comrades Marathon aan ten bate van Bybelverspreiding.**

**Hy vorm ook deel van 'n groepie uitgenooide atlete wie Mnr Louis Massyn gaan help streef om die eerste persoon in die geskiedenis te word, wie vyftig Comrades Marathonne suksesvol voltooi.**

**Enige donasies vir Bybelverspreiding welkom:**
**Naam: NG Gemeente Bethlehem – Noord**
**Bank: FNB (tjek-rekening)**
**Rek: 62637543449 (Tak: 230133)**
**Verwysing: Naam en Comrades**



JEUG MAAND PROJEK
BEMAGTIG ON
TOEKOMSLEIER
Help ons om 300 jongmense te vier en t
seën met 'n inspirerende dagstukkie-boe
SKENK R100


WINTER
HOPE • HOOP
Bank: ABSA
Account nr: 906 892 5251
Reference: Name & mobile nr


TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
TOIBO, DIE SKOLE EN HUL LEERDERS SÊ
BAIE DANKIE
VIR JOU
OMGEEHART
TOIBO help ons behoeftige kinders met spesiale onderwysbehoeftes om hul volle potensiaal te bereik.
TEL 076 143 6961 E-POS INFO@TOIBO.ORG.Z


IDERSTEUN DIE PROJ
VAN HOOP 2025
'n kans om 'n RENAULT KWID CLIMBER t
KWID
novus media
EVOLVE
060 548 5543
WWW.ENGO.CO.ZA


Registreer vandag om
Pleegsorg Ouer te we
Engo


URN TURQUOIS
OR THE ELDERL
Vulnerable and negle
Play a vital role in commu
W.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543
Engo


Gewilde NOU BESKIKBA
ie Bybel vir alm
die Bybel vir almal
Bybel
YBEL vir almal
SBN: 9780798225915
ISBN: 9780798225908
ISBN: 978079822
ww.bibleshop.co.za
www.bybelgenootskap.co.
bybelgenootskap


UITVERKOPING VERLENG!
Familie-gunstelinge
DIE BYBEL
BIBLE
Tot 50% afslag
BYBELUITVERKOPING
NOU GELDIG TOT 30 JUNIE 2025
www.bibleshop.co.za


slaan af vir bybels
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
GHOLFDAG
Ons Gholfdag vind plaas by die Toti Gholfbaan
Datum: Woensdag 9 Julie 2025
Afslaantyd: 09:00
Koste: R3 000 per vierbal: Sluit in baanfooie, karretjies, aandete en prysuitdeling
Formaat: Vierbal Alliansie - twee tellings om te geld
Nieamptelike voorgee: 18
Vir meer inligting, kontak Hermien by cilliers@biblesociety.co.za of 031 207 4933

# RAAMWERKE VIR VBO

VBO maak gebruik van die volgende raamwerke om 'n holistiese benadering tot bedieningsontwikkeling te verseker:

## MISSIONALE KAPASITEITE: ETOS, LOGOS EN PATOS

Hierdie raamwerk, ontleen aan die retoriek, help om die fokus van VBO te rig op die vorming van leiers wat effektief kan getuig van die evangelie in 'n diverse en veranderende wêreld. As VBO-Taakspan sluit ons aan by dié raamwerk wat in die Kerklike Opleiding gebruik word en in *Geroep, Gevorm, Gestuur* omskryf word .

**ETOS:** Fokus op die karakter, integriteit en geloofwaardigheid van die predikante. Dit sluit in die ontwikkeling van 'n missionale dissipelskap, die kweek van persoonlike spiritualiteit, en die bevordering van selfbewustheid en emosionele intelligensie.

**LOGOS:** Beklemtoon die teologiese kennis, Bybelse begrip en kommunikasievaardighede van die predikante. Dit behels die ontwikkeling van 'n Trinitariese habitus, die bestudering van Skrif en teologie, en die verbetering van prediking, onderrig en pastorale vaardighede.

**PATOS:** Sien na die predikante se vermoë om empatie, deernis en kulturele sensitiwiteit te toon. Dit vereis 'n begrip van die konteks waarin hulle bedien, die vermoë om met mense van diverse agtergronde te kommunikeer, en die ontwikkeling van vaardighede in konflikhantering, pastorale sorg, en gemeenskapsbetrokkenheid.

*Oorgeneem uit VBO PROSPEKTUS: GESTUUR, GEVORM, GEROEP*

NG Kerk Vrystaat

Ring van Bethlehem van die NG Kerk bied aan

# (Met) Job in gesprek (met) . . .

10 VBO-PUNTE

## Dr At Lamprecht

Senior lektor: Skool vir Antieke Taal- en Teksstudies, Fakulteit Teologie, NWU

### EENDAGSEMINAAR

'n Akademiese verryking vir predikante en ander ernstige Bybellesers oor 'n Bybelteks wat bedek lê onder strata betekenis en wag om ontgin te word!

Woensdag
**10 September 2025**
**09:00 - 16:30**

**NG Kerk Bethlehem-Panorama**
Goldberglaan 20, Bethlehem

**10 VBO-punte**


**Koste: R 250 p/p**
Sluit tee, verversings en middagete in

Bankbesonderhede

**Ring van Bethlehem**
**ABSA Tjekrekening**
**0770 480 183**
Verwysing
**Naam & van + Job**

**RSVP & SKRYF IN** Donderdag **4 September 2025**
Ds Gideon Lamprecht @ **082 417 0507**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## EVALUERING: 'THE END OF MENTAL ILLNESS'

10 Junie 2025

5 VBO-punte

R275 p/p
Zoom aanbieding
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## NUWE TESTAMENT - PAULUS & *THE GOOD LIFE*

18 - 19 Junie 2025

20 VBO-punte

R300 p/p
Aanlyn webinaar
Dr Annette Potgieter

Lees meer +
**Registreer** +




## SPELTERAPIE VIR PREDIKANTE

28 - 30 Julie 2025

30 VBO-punte

R500 p/p
In persoon
NG Fontainebleau

Lees meer +
**Registreer** +




## BRUGBEDIENING-KURSUSSE 2025

28 - 31 Julie 2025

70 VBO-punte

R3,100 p/p
NGK Stellastraat PTA
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +

# ‘N UITNODIGING TOT STILTE

*vir jou*




hier sal die stilte jou vind en jou help om weer te hoor

**JULIE | 27-29 | 2025**

verblyf | etes
begeleide en onbegeleide tye vir stilword
persoonlike gesprek
vryheid om in die vlaktes in te stap

**KONTAK DS LOUWRENS SCHEEPERS 072 115 0057**

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Wil jy op Kerkbode se platforms adverteer? Nuusbriewe, sosiale media of banier-veldtogte

*3 Junie 2025*
*Kerkbode*
*Artikels*



**ELDERS GESIEN**

Besorgde kerkleiers 'kan nie langer stilbly' oor Baai se verval – doen beroep op Ramaphosa

*2 Junie 2025*
*Kerkbode*
*Flits, Nuus*



**VIDEO**


Pryswenner se dubbele oproep: NG Kerk moet sê daar is geen volksmoord ... en niemand moet ooit weer 'Kill the Boer' sing

*2 Junie 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Le Roux Schoeman*



Ekologietaakspan spring by die diepkant in | Werk om 'Groen spiritualiteit' te laat vloei deur die kerk

*30 Mei 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*



***TELLING STORIES***

*On discovering the beauty in ordinary people ... Chris de Vries talks to Tshiamo Peu*

*27 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Artikels*




Johan Pienaar sterf – Laaste woorde van geliefde kerkman bemoedig vele

*22 Mei 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store


CLF PUBLISHERS UITGEWERS

Oorgeneem uit shop.clf.co.za

PAMFLETTE

## *Pray Daily, Act Boldly*

R160 »





### *52 Weeks of Praying*

*In a world marked by injustice, suffering, and deep yearning for healing, prayer can seem like a quiet act. But in this bold and hopeful volume, prof Nico Koopman reclaims prayer as a dynamic force of transformation – both personal and public. Originally composed during the student uprisings on South African campuses, these 52 weekly prayers offer a year-long journey of faith that nurtures vision, shapes conscience, and stirs concrete action. Drawing from Christian theological giants like Karl Barth and Stanley Hauerwas,* ***Pray Daily, Act Boldly*** *presents prayer not as passive ritual but as prophetic protest, moral formation, and spiritual resistance.*

## Die nuwe lewe vir volgelinge van Christus


R300 »




Hierdie boek is die vertaling en verwerking van Andrew Murray se boek *The New Life: Words of God for Young Disciples of Christ* (1885). Soos mens uit die titel kan aflei, is die boek oorspronklik bedoel vir "jong gelowiges" – met ander woorde mense wat onlangs tot geloof gekom het. Maar in werklikheid is die boek waardevol vir almal wat na verdieping in hulle geloofslewe verlang. Op 'n helder manier verduidelik dit hoe ons kinders van God word; wat geloof is; watter rol die Woord of gebed in ons geloofslewe speel; wat geloofs-oorgawe, -versekering, en -onderkeiding behels; hoe ons in intieme verhouding tot die Vader, die Seun en die Gees kan lewe; ons roeping as getuies ens.

## Dit is die ware opdrag van die kerk!

R190 »




*Dít is die ware opdrag van die kerk!* is 'n tydige en broodnodige publikasie. Dit vertel die verhaal van die pad wat veral die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, maar ook die NG Kerk-familie, geloop het om te groei tot 'n nuwe identiteit en roeping: Om missionale kerk te wees. Die kerk kan nie net op eie oorlewing fokus nie; 'n gerigtheid op die nood in die wêreld is die kerk se eintlike roeping. Dit verg nuwe maniere van dink en doen: Kerklike strukture moes verander; verrassende nuwe gestaltes van kerk-wees is ontdek; die teologiese opleiding van predikante het noodgedwonge 'n nuwe koers ingeslaan; en aanbidding, kategese, dienswerk en samewerking raak sinvoller.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK




## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Die kuns om tyd te maak en saam met Jesus te stap

**ALGEMEEN**
ondervoorsitter van die Moderamen
van die NG Kerk Vrystaat en leraar
van NG Gemeente Welkom-Wes
*Dr Dawie Botes*



***Foto:*** *Dr Dawie en sy vrou, Animé Botes (verskaf)*

*"My skape luister na My stem en Ek ken hulle."*

Ons lewe in 'n kitstyd waarin alles vinnig moet gebeur of eintlik al moes gebeur het. Die internet-spoed is altyd net te stadig en die toue by die kruidenierswinkel net te lank. Ja, ook op geestelike gebied moet dinge vinnig gebeur, 'n vinnige oomblik van stiltetyd en dan word die tiensekonde-gebed in die dagstukkie saam gebid. G'n wonder dat 'n lidmaat die stelling maak dat hy half teleurgesteld voel oor sy geestelike lewe, leeg voel en niks meer kry in God se Woord nie.

In Lukas 24:13-36 lees ons van die Emmausgangers wat 12 km saam met Jesus Christus stap; dit is ongeveer twee en 'n half uur lank se stap.

So stap twee volgelinge van Jesus saam met Hom en hoor hoe Jesus self vir hulle verduidelik wat "Moses en al die ander profete in die Bybel oor Hom geskryf het". Dit moes net ongelooflik gewees het om so saam met Jesus Christus te kon stap, sal ons almal seker sê. Die feit is dat Jesus ons elke dag nooi om saam met Hom te stap, of dat Hy saam met ons stap en ons Hom nie eens herken in ons gejaagde lewe nie.

Kan ons ooit weer die kuns ontdek om tyd te maak en saam met Jesus te stap? Leer ons mekaar (pa en ma, gesin, man en vrou, kollegas) om tyd te maak om saam met Jesus te stap en na sy Woord te luister?

Hoe het die Vrystaatse Kerk 'n pad van 160 jaar gestap, en hoe gaan ons 'n volgende 160 jaar en verder stap? Dit sou en moes 'n pad net saam met die Here wees, al luisterend slegs na sy Stem en na sy Woord. In Johannes 10 kom die woorde 'n paar keer voor wat sê: "My skape luister na My stem en Ek ken hulle." Die twee Emmausgangers moes letterlik die stukke van hulle lewe optel, want hulle was nie meer op 'n goeie plek in hulle lewe nie.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE


**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za



**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

# *die* Bybel *vir almal*




ISBN: 9780798225908

ISBN: 9780798225922

ISBN: 9780798225915

***Die Bybel vir almal* is uit die brontekste in maklik leesbare Afrikaans vertaal sonder dat enigiets uit die oorspronklike tekste verlore gegaan het.**

**Wat maak *Die Bybel vir almal* spesiaal?**

- Die Bybel het 'n groot verskeidenheid voetnote wat woorde, begrippe en interessante inligting weergee.
- Daar is 'n woordelys met al die woorde wat in die voetnote verskyn.
- Die Bybel bevat histories korrekte illustrasies wat 'n duidelike beeld van die Bybelse gebruike en voorwerpe skets.
- Kaarte help om 'n duidelike beeld van die landskap van die Bybel te gee.
- Die Bybel is in groot druk vir maklike leesbaarheid.

## BESTEL VANDAG:
**sales@biblesociety.co.za**

*Die Here sorg vir my*

**23** 'n Psalm van Dawid.

Die Here is my *Herder, Hy sorg vir my,
ek het genoeg van alles.
2 'n Herder bring sy skape
na goeie weiveld,
hulle eet genoeg en hulle gaan lê.
Hy bring hulle na die water,
en daar gaan hulle lê en rus.



*Herder en skape*

**nageslag van Jakob:** Die Israeliete. Jakob en sy seuns is die Israeliete se *voorvaders. Partymaal is dit 'n naam vir die mense van *Juda, partymaal vir die mense van *Israel
**eer:** Wanneer mense die Here eer, dan respekteer en dien hulle Hom
**nageslag van Israel:** Die Israeliete. Jakob en sy seuns is die Israeliete se *voorvaders
**doderyk:** In die tyd van die Bybel het mense gedink daar is 'n plek onder die aarde waar die mense wat sterf, gaan

**bybelgenootskap**
van suid-afrika

NG Kerk Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING